

**BELEGGINGS- VERSLAG: FEBRUARIE 2011**

**17 02 2011**

**OORSIG: 2010 ; Plaaslike Markte:**

Aandelebeurse het 2010, wêreldwyd, op stewige positiewe vlakke afgesluit. Ook ons plaaslike JSE het nie teleurgestel nie en stewige groei getoon. ( Sien grafiek hieronder)



Uit die grafiek is dit duidelik dat die algemene aandele “rit” die eerste paar maande van 2010 maar stamperig was, - maar dat wesentlike groei in die tweede helfte van die jaar plaasgevind het.

Onderstaande tabel gee ’n duideliker aanduiding van finansiële marktoestande die afgelope 3 jaar: -  
(Soos op 10 01 2011 – verskaf deur Sanlam, - Glacier)

INDEKS	SLUITING	1 JAAR	3 JAAR *	( VJ )
Alle Aandele	31 929	18.3 %	6.2 %	( 3.5 %)
Finansieël	21 936	18.1%	4.5 %	( -5.3 %)
Industrieël	32 144	24.3 %	4.5 %	( 6.3 %)
Hulpbronne	30 522	10.6 %	1.7 %	( 12.7%)
Eiendom	392.21	31.4 %	12.2 %	( 11.6%)
Alle Effekte	345.51	15.5 %	10.3 %	( 5.8 %)
Kontant	251.00	7.0 %	9.2 %	( 10.1%)

( \* 3 Jaar – Jaarliks saamgestelde opbrengs )

Hoewel die afgelope jaar dus goeie resultate gelewer het op aandele ( behalwe moontlik hulpbronne), sowel as op eiendom (gelysde) en effekte (staats- en korporatief), het kontant (hoofsaaklik geldmark) redelik besadigde resultate gelewer. Dit duidelik, uit die 3 jaar statistiek, dat die impak van die 2008/2009 finansiële krisis steeds swaar weeg op die resultate van meeste sektore/kategorië.

Internasionale blootstelling oor die afgelope jaar (soos ook in 2009), het in SA Rand waarde, ook nie werklik waarde toegevoeg nie. (In terme van opbrengs). Die SA Rand het in 2010 verder versterk en die prestasie van heelwat fondse verwater. Veral natuurlik die internasionale fondse maar ook plaaslike Bate Allokasie fondse wat waarde op internasionale markte soek.

**INTERNASIONALE MARKTE:**

Hoewel internasionale markte, soortgelyk aan ons plaaslike JSE, goed herstel het gedurende 2009, was prestasie van leidende finansiële markte in 2010 meer besadig en in baie gevalle effe teleurstellend.

2.

Uit onderstaande tabel is dit duidelik dat daar op internasionale markte die afgelope jaar nie besondere prestasie was nie. (In vergelyking met die sterk groei in 2009);

INDEKS	SLUITING	1 JAAR	3 JAAR
MSCI World	1 281.41	9.7 %	(- 6.0 %)
S & P 500 (Intern)	1 271.50	14 %	(- 3.4 %)
FTSE 100 (Brittanje)	5 984.33	10.6 %	(- 1.9 %)
DAX (Duitsl)	6 142.30	19 %	(- 3.9 %)
Nikkei (Japan)	10 541.04	(- 0.1 %)	(- 10.5 %)
<b>MSCI EM (Intern)</b>	1 147.14	<b>15.9 %</b>	<b>(- 2.2 %)</b>
Australië	4 812.00	(- 1.4 %)	(- 9.0 %)
Brasilië	70 057.20	2.1 %	4.7 %
Indië	19 691.81	12.8 %	(- 1.6 %)

Duitsland se DAX het wel goed presteer en hoewel die “Ontluikende Markte” ( MSCI EM) waarvan SA deel is, nie die prestasie van 2009 herhaal het nie, is die groei van 15.9% steeds goed. Die sg. “ nuwe ekonomiese of “ BRICS” (waaronder SA sedert onlangs ook getel word) het egter redelike swak resultate op hul finansiële markte getoon. Veral China en Brasilië wat beide in negatiewe syfers op hul vernaamste indekse geëindig. (In teendeel met hul ekonomiese groei syfers, wat steeds uitstaande is). 'n Tipiese voorbeeld van min korrelasie in 'n spesifieke jaar tussen ekonomiese groei en die prestasie van finansiële markte. (Hoewel ekonomiese groei syfers uiteindelik tog die prestasie van markte beïnvloed)

Wat verder duidelik is, is dat soos in die geval van ons plaasliks JSE, die 3 jaar statistiek steeds treurig lyk a.g.v. die 2008/2009 krisis. (Hoewel aansienlik beter as n jaar gelede). Stadigaan begin die gemiddelde prestasie van beurse oor die medium tot langer termyn herstel.

Kortom, wat internasionale aandelemarkte aan betref, was dit die afgelope jaar beslis nie maklik om goeie waarde te soek en te behaal nie. Tog was die “afplating” van finansiële mark prestasies na 2009 se fenomenale herstel, sekerlik te wagte en het ons ook beleggers sodanig ingelig in vorige kommunikasies. Na periodes van sterk groei kan konsolidasie dikwels verwag word. Die opbrengste behaal in 2010, in die algemeen gesproke, kan as “redelike standaard” gesien word en het vir die kundige fondsbestuurder goeie geleentheid vir kompeterende opbrengste gebied.

### WISSELKOERSE

Wat wisselkoerse met ons vernaamste handelsvenote aan betref, het ons SA Rand, soos reeds vermeld, geleidelik versterk deur die loop van 2010 (Soos ook in 2009): Wat internasionale blootstelling op portefeuljes aan betref (wat meestal noodsaaklik is), beteken dit natuurlik dat die buitelandse bates in Rand waarde verminder. Die buitelandse geld eenheid is swakker (teen die Rand) en hierdie bate word juis in hierdie swakker wisselkoers “gehou”. Hierdie is egter meestal sikliese waarde veranderinge en omdat dit nie die wesentlik waarde van die betrokke bate noodwendig benadeel of bevoordeel nie, - behoort beleggers met hierdie bewegings geduldig te wees.

	30 12 2006	30 12 2007	30 12 2008	31 12 2009	<b>31 12 2010 - VJ %</b>
R / \$	R 7 - 01	R 6- 87	R 9-35	R 7.39	<b>R 6.61 89%</b>
R /Euro	R 9 - 25	R 10 -12	R 13- 34	R 10.61	<b>R 8.84 83%</b>
R /£	R13 - 72	R 13 -57	R 13- 96	R 11.92	<b>R 10.28 86%</b>

### HUIDIGE EKONOMIESE OMGEWING:: - INTERNASIONAAL

Terwyl die BRIC lande, - Brasilië, Indië China en Rusland, hul ekonomiese groei tempo steeds voortsit, lyk dit of die Europese Unie lande stadigaan uit hul ekonomiese en finansiële verknorsing kom en veral Duitsland en Frankryk, sterk op die voorgrond tree as leiers in die gebied. Waarskynlik tot Britanje se erge! Soos reeds vermeld het Duitsland ook goeie ekonomiese groei syfers behaal. (bykans 4% , - jaar op jaar, - voor aanpassing vir inflasie). China het ook in 2010, heelwat vroeër as wat algemeen verwag, vir Japan as 2de grootse ekonomie in die wêreld verby gestek.

### 3.

Die Asiatiese lande het in 2010 wisselende sukses behaal, met Viëtnam en Singapoer wat groeisyfers bo 6% behaal het. Ook Suid Korea het goed presteer. Japan se ekonomiese groei in 2010 was bykans nul. Soos reeds vermeld, het hul aandelebeurs, die Nikkei, ook swak presteer, - soos ook die laaste paar jaar.

Die VSA lewer al beter ekonomiese statistiek. Kan dit moontlik wees dat hul ekonomiese “verlore dekade” dalk nou aan ’n einde kom en ’n nuwe groei tydvak op hande is? Sommige ontleders meen dat dit bloot die regerings “stimulasie” programme is wat tydelik beter resultate tot gevolg het. Heelwat fondsbestuurders meen tans dat daar weer beleggings waarde in die VSA ekonomie en mpy’e is.

Die omverwerping van bestaande regerings in Midde-Oosterse lande was onlangs (en is steeds) in die nuus. In hierdie proses het hoofsaaklik fundamentele Moslem groepe die regerings van Tunisië en Egipte reeds omvergewerp, en spoel die oproer en opstande nou oor na ander omliggende lande. (Bahrein, Libië, Jemen, Iran, ens.) Waar gaan dit eindig? Wat gaan die impak wees van hierdie dramatiese politieke veranderinge op die Midde-Oosterse omgewing? Die Suez kanaal, midde in die gebied is ’n kritieke ekonomiese faktor wat internasionale tendense kan beïnvloed . Verder kom ’n groot persentasie van die Wêreld so olie vanaf hierdie gebied. Hoewel die verwickelinge nie tans as n wesentlike risiko vir beleggers beskou word nie, moet die impak daarvan deurgans oorweeg word.

In die algemeen verbeter internasionale ekonomiese toestande steeds (sedert middel 2009). Dit blyk egter dat inflasie bykans in al die leidende ekonomiese stadigaan styg. Ook die olie prys is tans heelwat hoër as ’n jaar gelede. Dit gaan waarskynlik wêreldwyd tot prys stygings lei. Verskeie groot ekonomiese is daadwerklik gefokus op vestiging van beleid wat ekonomies groei stimuleer en werkloosheid beperk. Dit skep toenemend geleenthede vir internasionale maatskappye om te presteer en om waarde toe te voeg vir hul aandeelhouders. Hierin lê die waarde vir ons fondsbestuurders opgesluit. Hul taak is om vir ons as plaaslike beleggers die beste geleenthede op internasionale markte te benut. Met ons huidige “sterk” Rand, is dit bykans vanselfsprekend dat plaaslike beleggers blootstelling aan hierdie internasionale geleenthede moet bekom, of dan behou as dit reeds die geval is.

#### PLAASLIK:

Ons plaaslike ekonomie is beslis nou op ’n herstel pad en verskeie ekonomiese aanwysers lyk beslis bemoedigend. Die grootste remskoen aan ons ekonomiese wiele bly egter steeds regerings-beleid en administrasie aspekte. Politieke uitsprake, wanadministrasie en besteding asook die misbruik van mags posisies speel n groot rol in die aftakeling van besigheids vertroue en prestasie.

Ten spyte hiervan, het die SA sake sektor reeds die afgelope jare hierdie situasie hanteer en voortdurend inoverend oplossings gesoek en gevind. Die prestasie van ons plaaslike beurs (en SA maatskappye) in uiters moeilike internasionale omstandighede, die afgelope paar jaar, is ’n duidelike bewys hiervan.

Die feit dat die BRIC lande SA genooi het om by hul aan te sluit, moet regtig met n “knippie sout” geneem word. Dit is beslis nie omdat ons wesentlik waarde tot hul ekonomiese kan byvoeg nie. (in elk geval nie huidiglik nie). Ons ekonomie is besonder klein teen hierdie lande se ekonomiese. Al blyk ons regering baie ingenome te wees, is dit bykans soos om n standard ses skolier na n finale jaar HK vergadering te nooi. Die BRIC lande sien eenvoudig vir SA as ’n lang termyn vastrap plek in AFRIKA om hul eie nasies se welvaart te verseker. Daar is egter vir SA beslis voordele in nouer ekonomiese samewerking met hierdie groot handelslande, -mits ons verseker dat ons eie belange beskerm word. Groot ekonomiese moonthede het ’n legendariese geskiedenis van “stroping” van kleiner ekonomiese.

Suid Afrika se ekonomie moet eerder vergelyk word met die volgende “eweknie” ekonomiese;  
(Soortgelyke BBP – Bruto Binnelandse Produk – Ongv R 300 Miljard)

LAND	BEVOLKING	UITVOER% van BBP	BBP/ PP / USD \$	WERKLOOS %
Argentinië	40 milj +	24 %	\$ 8 235	7 %
Thailand	67 Milj +	77 %	\$ 4 043	1 %
Venezuela	28 Milj +	30 %	\$ 11 246	7 %
Malaysië	30 Milj +	100 % +	\$ 8 209	4 %
Denemarke	54 Milj +	54 %	\$ 62 118	4 %
<b>SUID AFRIKA</b>	<b>49 Milj +</b>	<b>35 %</b>	<b>\$ 5 678</b>	<b>25 %</b>

( Alle syfers benaderd, verskaf deur Trading Economics)

..... / 4

Selfs teen die ekonomiese in die tabel, vergelyk ons redelik swak. Dat daar vir SA 'n groot taak voorlê om werkloosheid te verminder, sowel as om produktiewiteit te verhoog, is nie te betwyfel nie.

### **IMPAAK VAN EKONOMIESE OMGEWING OP PORTEFEULJES**

Gegewe huidige en historiese ekonomiese- en mark omstandighede, - wat kan beleggers verwag in terme van opbrengste vir 2010: –

<u>FONDS KATEGORIE : HISTORIESE BEHALING</u>	<u>1 Jaar</u>	<u>3 Jaar</u>	<u>5 Jaar</u>
INKOMSTEFONDSE	9 %	9.5 %	9 %
INKOMSTEFONDSE (Var. Strategie)	12 %	10 %	9 %
EFFEKTEFONDSE (Staats - & Korporatief)	16 %	10 %	7.5 %
PENSIOEN & LAE- AANDELEFONDSE	5 %	8.5 %	10.5 %
PENSIOEN & MATIGE AANDELE – Bate Toedeling	10 %	8 %	11 %
AANDELE - BATE TOEDELING – Teiken Opbrengs	13 %	10.5 %	12 %
EIENDOMSFONDSE	25 %	13 %	15 %
ALGEMENE AANDELEFONDSE	16 %	7 %	14 %
WĒRELDWYE FONDSE (Bate allokasie)	(-9 %)	2 %	7 %
<u>GELDMARKFONDSE</u>	<u>6.7 %</u>	<u>9 %</u>	<u>8.8 %</u>

**NB.** Hierdie resultate is gemiddeldes (jaarliks saamgestelde opbrengste) by naby benadering behaal op geselekteerde fondse in primêre sektore, in *GERBER en LOUW* se praktyk soos op 12 01 2011. Die opbrengste reflekteer nie kostes op beleggings portefeuljes nie. (Ongeveer 1.25 % p.j.)

**LW.** Al genoemde statistiek, maar veral die 1 jaar opbrengste, kan weekliks heelwat varieër.

### **PRESTASIE VAN GESELEKTEERDE FONDSE EN PORTEFEULJES: 2010**

Ons het reeds die afgelope jaar, ons beleggers daarop gewys dat meer realistiese (laer) opbrengste van beleggings-portefeuljes verwag moet word. Nie alleen het finansiële markte gedurende 2008/2009 'n historiese terugslag beleef nie, maar dit het onder andere gelei tot 'n "nuwe" finansiële bestel, wêreld wyd. Die reëls het verander. Een van die gevolge hiervan is dat fondsbestuurders, in hul strewing om aan beleggers stabiele, reële opbrengste te bied, dikwels 'n meer gediversifiseerde, versigtiger benadering of strategie volg. Hierbenewens, beleef ons reeds die afgelope bykans 2 jaar, besondere lae rentekoerse. Fondse en portefeuljes van fondse sal steeds, indien reg hanteer word, die gemiddelde inflasie koers en geldmarkkoerse klop MAAR waarskynlik nie met dieselfde behalings as in die jare 2004 tot 2008 nie. Dit geld veral t.o.v. pensioen - of versigtig tot gematigde portefeuljes. Hoër opbrengste sal waarskynlik net behaal kan word met 'n hoër risiko en groter volitaliteit. Dit is vir min beleggers 'n gemaklike situasie en hierdie verhoogde risiko word derhalwe nie normaalweg deur ons aanbeveel nie, -tensy die belegger se risiko profiel spesifiek daarvoor geskik is.

Van ons beste voorkeur fondse het in 2010, relatief gesproke, swakker presteer as ander voorkeur fondse in 'n spesifieke kategorie. (Bv. Allan Gray ). Dit is geen rede tot kommer oor hierdie fondsbestuurder se prestasie nie. Daar hoef beslis nie skuiwe na aanleiding hiervan op enige portefeulje gedoen word nie. Fondsbestuurders se resultate word meestal dikteer deur hul langtermyn strategie, en dit bring noodwendig mee dat sommige jare se prestasie nie goed vertoon nie.

Aangeheg is 'n staat met prestasiesyfers vir 2010. (Slegs in Engels vanweë tydsbeperkings). Dit is die fondse waaraan die meeste van u in 'n mindere of meerdere mate blootstelling het. Dit is die primêre fondse wat vir ons kliënte aanbeveel. Gegewe spesifieke omstandighede, word ook ander presteerende fondse van tyd tot tyd benut. Weereens;- fokus op die 3 en 5 jaar behalings om werklik die waarde van die fondse te bepaal. Onthou verder dat fondse in sekere kategorieë meeding (en gereguleer word), in terme van die bateklasse waarin belê word (-of beleggings-strategie). Een kategorie of strategie is **nie "beter"** as 'n ander nie.

Dankie weereens vir u volgehoue ondersteuning . Groete,

Kobus Louw, CFP®

SEL: 082 881 2892

Finansiële en Beleggings Adviseur - CFP® (FPI lisensie nr : 9601732)

**Vrywaring :** Alle inligting in hierdie dokument en aanhangsels is deur die skrywer alleen voorsien en is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde kliënt en verteenwoordig nie noodwendig die mening of inligting van enige ander persoon of instansie nie. Enige besluit deur enige iemand, gegrond op hierdie inligting verskaf, is op eie risiko, aangesien ander faktore 'n rol mag speel. Alle berekenings is benaderd en gebaseer op inligting voorsien aan die skrywer deur gesaghebbende bronne. Alhoewel sorg geneem word om deurgaans korrekte inligting te verskaf, kan die absolute korektheid daarvan nie onder alle omstandighede gewaarborg word nie.